
BOSVELD REVIEW
27 Jun 2014, p.4

**KOLLIG**

die Wet

# Trou is nie perdekoop nie: 10 goeie wenke



Ongetroudes word gereeld gewaarsku dat trou nie perdekoop is nie en dat besluite rakende die huwelik nie ligtelik opgeneem moet word nie. Hier volg tien belangrike finansiële aspekte wat oorweeg moet word wanneer jy trou.

**1. Kies 'n huweliksgoedere-bedeling:**
Daar is drie huweliksgoederebedelings in Suid-Afrika; elk met sy voor- en nadele. Mense word derhalwe om advies van kundiges in te win voordat 'n huweliksbedeling gekies word. Aangesien inligting oor jou finansële agtergrond waardevol kan wees in die kies van 'n geskikte huweliksbedeling, word kliënte aangeraai om ook hulle finansiële adviseur hieroor te raadpleeg.

**2. Huweliksvoorwaarde kontrak:**
Dit is 'n ooreenkoms wat enige bepalings kan insluit solank dit wettig is. Jy kan, byvoorbeeld, ooreenkom om sekere bates aan jou gade te gee by sekere gebeurtenisse (soos die geboorte van 'n kind of 'n spesifieke huweliksherdenking). 'n HVK kan ook handig aangewend word in boedelbeplanning, waar langtermyn polisse wat ingevolge 'n HVK aan die langslewende gade of kind van die oorledene geskenk is, uitsluit is van die oorledene se boedel. 'n HVK reguleer die verdeling van bates en laste by egskeiding en dit vind ook toepassing vind by dood. Beskryf hierdie bates behoorlik in jou HVK. As 'n geldige HVK nie voor die troue gesluit is nie, is die huwelik outomaties binne gemeenskap van goedere.

**3. Weet wat jou status is:**
Weet wat jou kredietstatus is. Dit is ook handig indien julle beplan om saam 'n huis te koop.

**4. Verander begunstigde nominasies:**
As 'n begunstigde genomineer is op 'n lewenspolis of by aftree voordele, moet die voordeel aan daardie begunstigde betaal. Dit is daarom belangrik om nuwe begunstigdes te nomineer.

**5. Hersien jou testament:**
Indien jy te sterwe kom sonder dat jy jou testament hersien het, sal jou verouderde testament steeds geld, selfs al word jou gade nie daarin bevoordeel nie.

**6. Naamsverandering:**
Alhoewel daar geen verpligting bestaan vir gades om mekaar se vanne aan te neem nie, verkies baie om dit wel te doen.

**7. Lewens- en ongeskiktheidsdekking:**
Lewens- en ongeskiktheidsdekking is 'n manier om aan hierdie verpligtinge te voldoen ongeag wat met jou gebeur. Onthou om ook voorsiening maak vir die onderhoud van enige kinders uit 'n vorige huwelik.

**8. Korttermynversekering:**
Dit is meer koste-effektief om julle bates onder een korttermyn polis te verseker. Onthou ook om julle ringe te verseker.

**9. Mediese fonds:**
Dit is ook meer koste-effektief vir beide van julle om op een mediesefonds te wees.

**10. Eie bankrekening:**
'n Gesamentlike bankrekening word nie aanbeveel nie. Dit is uiters moeilik om eienaarskap van items te bepaal wat op 'n gesamentlike bankrekening gekoop is. Probleme ontstaan wanneer daar op een gade se goedere beslag gelê word.

En onthou, 'n huwelik is 'n belegging wat dividende betaal as jy 'n belang daarmee neem.

Vriendelike groete tot volgende keer,
Koos

* Koos de Wet is 'n finansiele beplanner by PSG en lid van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika. Lesers kan hom kontak by psgk@mweb.co.za.